

Donderdag 13 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-16

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:16

Sorg altyd dat jou lewenswandel in ooreenstemming is met wat jy ander mense leer

Dit is nou maar eenmaal in ons sondige aard dat ons dikwels die splinter in ander se oog makliker raaksien as wat ons die balk in ons eie oog raaksien (Matt. 7:3 ev). Die Here leer ons in ons fokusvers dat ons altyd eers noukeurig op ons eie lewenswandel moet let. Ek moet my eie woorde, gedagtes en dae noukeurig ondersoek en sorg dat ek elke dag volgens die Woord van God lewe.

Om egter te weet of ek getrou aan die Here leef, moet ek ook noukeurig sy Woord (die leer) ondersoek. Ek moet die Bybel bestudeer en seker maak dat ek weet wat die wil van die Here is. Om die wil van die Here te ondersoek en te ken, is harde werk en daarom moedig Paulus vir Timoteus aan om daarin te volhard. Ons moet nie te gou moeg word of tou opgooi nie. Paulus vergelyk dit met harde liggaamsoefening waarmee jy moet volhard om die gewenste resultaat te behaal. Ons moet volhard, want die Here openbaar die skatte van sy Woord aan hulle wat hard werk om dit te ontdek.

Die belangrikste is egter om te sorg dat ons God in en deur Jesus Christus beter leer ken (1 Tim. 4:10). Om God te ken, is die hoogste waarde van die lewe, want Hy skenk die lewe aan dié wat in Hom glo. 'n Goeie, voorbeeldige lewe sonder Christus is waardeloos. Daarteenoor is die ware leer sonder 'n lewe waarin dit sigbaar word, ook waardeloos (Jak. 2:14 ev).

Die genadevoorreg van 'n lewe waarin ek op my eie lewenswandel let en die Woord volhardend ondersoek, is dat mense wat na my voorbeeld kyk en my getuienis oor God hoor, ook aan die reddende genade van God deel kan kry.

Sing: Psalm 119-1:20

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)